ONS GLO

LAERSKOOL RANDHART

Samuelstraat, Randhart, Alberton
☎ (011) 864-5110/1
🖷(011) 864-1361
e-pos: laerrant@global.co.za
Webblad: www.randhartlaer.co.za

50
1974
2024

18 Januarie 2024

Geagte Ouers / Voogde

Toetsrooster: Eerste kwartaal 2024

Toetsrooster vir graad 4 – 6

Vak	Datum
Afrikaans	Vrydag 9 Februarie
Engels	Maandag 12 Februarie
Sosiale Wetenskappe: Geografie	Vrydag 16 Februarie
Natuurwetenskappe en Tegnologie	Maandag 19 Februarie
Wiskunde	Vrydag 23 Februarie
(Slegs graad 5 en 6) Sosiale Wetenskappe: Geskiedenis	Maandag 26 Februarie

Toetsrooster vir graad 7

Vak	Datum
Afrikaans	Vrydag 9 Februarie
Engels	Maandag 12 Februarie
Sosiale Wetenskappe: Geskiedenis	Vrydag 16 Februarie
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	Maandag 19 Februarie
Wiskunde	Vrydag 23 Februarie
Natuurwetenskappe	Maandag 26 Februarie

Let asseblief op die volgende sake:

- Leerders ontvang die afbakening en skrifte/leerwerk een week voor hulle ’n vak se toets moet skryf. Gaan asseblief deur hul skrifte en besorg dit weer geteken terug aan die skool.

- Indien ’n leerder afwesig is op die dag waarop afbakenings en skrifte/leerwerk uitgedeel word, is dit die leerder se plig en verantwoordelikheid om dit self te bekom en daarvoor te gaan vra.

- Slegs leerders, wat ’n **mediese sertifikaat** inhandig of op grond van ’n **amptelike skrywe** vanaf ’n ouer/voog, sal ’n leerder goedkeuring van die adjunkhoof (akademie) verkry en toegelaat word om toetse soos volg te skryf:
  - **Vrydagtoetse** word die daaropvolgende **Maandag na skool** geskryf.
  - **Maandagtoetse** word die daaropvolgende **Donderdag na skool** geskryf.

- ’n Leerder wat nie opdaag vir bogenoemde dae nie sal die toets skryf **op die dag wat hy/sy terugkeer skool toe.**

- Toetse wat na die amptelike toetsdatum afgelê word, sal meer tel as die amptelike toets, aangesien ’n addisionele vraag verpligtend sal wees. Dit is dus belangrik dat leerders wel toetse op die vasgestelde datum aflê.

Baie dankie vir u samewerking met betrekking tot die toetsrooster en die sake wat daarmee verband hou.

Mag u en u kinders die akademiese kwartaal positief beleef.

Kurrikulumgroete.

I K Kichenbrand
Adjunkhoof Akademie

H H Gerber
Skoolhoof